Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 19, Nr 3, 1989. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

# BOEKEBESPREKING

**Kol (dr) Jan Ploeger***

**Rein Rijkens (bewerker), *Brieven uit de Boere-oorlog van Reintjo Rijkens arts.* Den Haag, 1988, met afbeeldings, pp. 112. Bestelbaar by: Die Administrasie, Keizersgracht 141, 1015 CK, Amsterdam, Nederland**

In verband met die Tweede Anglo-Boereoorlog (1899–1902) bestaan daar o.m. herinneringe van verpleegsters. In dié verband kan o.m. suster Hellemans se bekende *Met het Roode Kruis mee in den Boeren-Vrijheidsoorlog* (Amsterdam, 1901) en Sophia Izedinova, *A Few Months with the Boers. The War Reminiscences of a Russian Nursing Sister* (Johannesburg, 1977) genoem word.

Dit is bekend dat ongeveer 'n tagtigtal geneeshere en 300 verpleërs (verpleegsters) òf diens in ons land gedoen het òf bereid was om hier te lande diens te doen. 'n Deel van hulle ervarings en belewenisse is aangeteken in die bekende *Handelingen der Nederlandsche Vereeniging tot het verleenen van hulp aan zieke en gewonde krijgslieden, in tijd van Oorlog genaamd het Nederlandsche Roode Kruis* (Den Haag, 1901, deel XVI).

## Dr. Reintjo Rijkens (1868–1938)

Dr. R. Rijkens het, nadat hy sy vakkundige studie aan die Rijksuniversiteit van Groningen, Nederland, in Junie 1899 voltooi het, 'n maand later na ons land vertrek. Hy wou hom as medikus in die Zuid-Afrikaansche Republiek vestig, maar die uitbreek van die Tweede Anglo-Boereoorlog (1899–1902) het sy loopbaan sterk beïnvloed. Nadat hy 'n tydjie dokters afgelos het, het hy as 'n vrywilliger by die Transvaalse Rooikruis aangesluit en o.m. gewondes na die slag van Magersfontein behandel. Hy het na 'n paar maande se verblyf in die veld 'n pos as kontrolerende geneesheer by die Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij (NZASM) aanvaar en het tot Junie 1900 rustig in Standerton vertoef totdat die besetters op 24.6.1900 gewere in sy huis gevind het. Hy is gevange geneem en na 'n tydelike verblyf in Durban, aan boord van die *Catalonia*, met die *Mohawk* na Colombo gestuur. Daar het hy en sy mede-reisgenote op 8.8.1900 aangekom. Internering in die krygsgevangeneskamp Diyatalawa tot die einde van 1900 het gevolg. Daarna het hy tot in Mei 1902 naby Kandy as 'n gevangene vertoef en vervolgens na Nederland teruggekeer waar hy in 1938 oorlede is. In oud-adjudant Jan N. Brink se boek *Ceylon en de bannelingen* (Amsterdam – Kaapstad, 1904) kom twee hoofstukke oor die kamp by Diyatalawa voor (met foto's).

## Dr. Rijkens se briewe

Die ruim dertig briewe, wat dr Rijkens tydens sy verblyf in ons land van Junie 1899–Julie 1899 aan familie en vriende geskryf het, het bewaar gebly. 'n Paar briewe uit sy gevangeskap vul hierdie briewe gedeeltelik aan, maar sy ongetwyfeld uiters belangrike dagboek het verlore gegaan. Daar is 'n paar briewe wat aan boord van die *Braemer Castle* geskryf is en o.m. 'n voor-oorlogse beskrywing van die eiland Sint Helena bevat (pp. 16–19). Daar was Britse offisiere en manskappe aan boord. Was hulle voorbodes van die naderende stryd met die twee Boererepublieke? Rijkens se briewe weerspieël orals 'n fyn waarnemer, 'n reisiger vir wie daar 'n nuwe wêreld oopgaan, 'n emigrant wat diep in sy hart die naderende militêre kragmeting tussen Boer en Brit aanvoel . . .

Op 5.8.1899 het die seereis ten einde geloop en in die loop van die aand van dieselfde dag sou die trein na Elandsfontein, vandag Germiston, vertrek.

In die brief van 13.8,1899, van Elandsfontein, is besonderhede oor die kortstondige verblyf in Kaapstad en die treinreis vermeld. Dit is weer 'n brief van 'n fyn, gevoelvolle waarnemer wat o.m. in Elandsfontein met sy vriend, dr. Jaap Huizinga ('n NZASM-dokter) planne beraam om aan die slag te kom. En intussen het hy Johannesburg en Pretoria verken en sy kanse op werk en inkomste gewik en geweeg en, met die oorlogskanse in gedagte, het hy en dr. Huizinga hulle vir diens by die Transvaalse Rooikruis aangemeld sonder om vergoeding te vra. Want, so skryf hy . . .:

> "De Boeren willen oorlog. De Volksraad schijnt toe te geven aan Engeland. Dit is voor het Transvaalsche volk jammer, want de

heele boel draait om het goud. De grieven zijn slechts de voorwendsels. Oorzaak: goud – Maar er kan oorlog komen. Ik vermoed dat de Boeren niet toegeven zullen. Het zal een zeer bloedige krijg worden. De Boeren zijn verbitterd. Mischien komt alles terecht. Doch ik twijfel... (p. 25).

Kort daarna, in 'n brief van 20.8.1899, terwyl Rijkens die praktyk van dr. Lingbeek 10 dae behartig het in Pretoria, was hy van oordeel dat die oorlogskanse minder geword het. Verder deel hy interessante gegewens oor sy werkkring mee en was bly dat hy suksesse behaal het. Pretoria was vir hom 'n aantreklike dorp (p. 31).

Nadat dr. Lingbeek op Pretoria teruggekeer het, het Rijkens hom aan die begin van September 1899 op Elandsfontein gevestig. Die oorlogswolke het weer opgesteek. Honderde gesinne het uit Pretoria en Johannesburg na Natal en die Kaapkolonie vertrek. Treine is bestorm en die vlug het groot afmetings aangeneem. Tydelik het Rijkens die praktyk van sy vriend op Elandsfontein waargeneem. Groot goudmyne het gesluit. Op 2.10.1899 was die regering se mobilisasieplanne in uitvoering en het lang kommandotreine by Elandsfontein verbygegaan. Vlugtelinge moes in oop steenkooltrokke die reis na veiliger oorde onderneem...

### In die veld

Op 3.11.1899 was Rijkens reeds 'n viertal weke met 'n ambulans van Pretoria onderweg. Werk het hy nog nie gehad nie en aan samewerking het dit soms ontbreek. Sommige dokters was te bly om bevele uit te deel en volgens Rijkens was daar slegs 'n tweetal goeie verpleegsters. Van genl. P.A. Cronjé het hy geen hoë dunk gehad nie en hom as wispelturig en onbetekenend beskryf (p. 41). Om nog digter by Mafeking te kom is Rijkens na die Marico- en Potchefstroomlaer van kmdt. Wolmarans en het hy en sy drie helpers soms naby die Creusot-kanon gelê. In die skrywe van 3.11.1899 verstrek Rijkens 'n aantal krygskundige besonderhede oor die beleëring van Mafeking (pp. 42–43) en die feit dat hy van die hoofbestuur van die Transvaalse Rooikruis wel 'n pragtige ambulanswa, maar geen tente, draagbare en medisyne ontvang het nie.

In 'n volgende skrywe, van 11.1.1900 (Elandsfontein) berig die skrywer dat hy die slag van Magersfontein bygewoon en tydens bombardemente eers in die veld en daarna in 'n huis gewerk het. Hy skryf o.m.:

> "Van den slag weet ik niets, van het militair vertoon weet ik niets. Van het slagveld weet ik weinig. Maar ik weet van gewonden en dooden. Daaraan kan een mensch genoeg hebben." (p. 45)

Mafeking, die omgewing van Jacobsdal, Magersfontein, sy ervarings met siekes, gewondes en sterwendes, het deur sy gedagtes gedwaal, terwyl hy – ver van die oorlogsgeweld – in Standerton aangekom het. Dié kort, maar hewige oorlogsindrukke sou hom bybly en eers later sou hy uitvoeriger oor al die oorlogsleed skryf. Op 16.1.1900 was hy op Standerton gevestig om mediese werk, in diens van die NZASM, van Volksrust tot Roodekop (naby Elandsfontein) te verrig.

### Op Standerton

Die briewe wat op Standerton geskryf is, het betrekking op die tydperk van Januarie–Julie 1900. Op 22.1.1900 het Rijkens begin om sy oorlogervarings aan sy familie mee te deel. Hy het oor gewondes en sterwendes en die ellendes van die oorlog, sy mediese werk, gebrek aan samewerking en gewonde Skandinawiërs geskryf en aan die slot van sy brief die volgende gevoelvolle ontboeseming aan die papier toevertrou:

> "Verschrikkingen van het slagveld zijn vele. Maar ik ben te moe." (p. 54).

Die ander briewe van Standerton gaan oor die inrigting van sy huis, die omgewing, die praktyk en herhaaldelik weer verwysings na Magersfontein. Op 8.3.1900 lewer hy kritiek op genl. Joubert en prys hy die krygsmanskap van genl. Louis Botha en president Kruger, 'n held te midde van 'n opkomende verwarring. Ver van die krygsgevoel het hy die oorlog in spanning en krities gevolg en in rus sy mediese werk verrig. Hy het 'n besoek aan Pretoria gebring:

> "Stil is Pretoria, maar uit niets merk je oorlog. Alleen veel menschen met verbanden, lui met krukken, bleeke lui, verminkte lui. Veel menschen in rouw – veel zwarte banden." (p. 71).

Die slag van Sannaspost (28.3.1900) het Rijkens as 'n "gelukkig gevecht" beskryf (p. 74), maar dan het sy optimisme weer in pessimisme verander en het hy die Engelse binne 'n paar maande op Standerton verwag.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 19, Nr 3, 1989. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

In sy brief van 18.5.1900 het Rijkens geskryf: "de zaak is verloren". Dalk was genl. Cronjé se oorgawe die begin, maar genl. Louis Botha was besig om te probeer red wat moontlik was. So mymer Rijkens, terwyl hy die hele verloop van die oorlog en sy siening in die reeds genoemde brief skets.

## Afgesluit van die buitewêreld. Standerton beset. Na Durban

Omstreeks 29.5.1900 is Elandsfontein beset en is die telegrafiese verbinding met Standerton verbreek. Onbetroubare, opwindende gerugte is versprei. Op 2.6.1900 was Rijkens op Heidelberg, terwyl 'n groot Britse mag op Roodekop was. Groot groepe Engelse troepe was by Aansluiting-stasie. Elandsfontein was beset en daar het Rijkens verneem dat Johannesburg beset was. Al hierdie berigte en nog veel meer is te lees in 'n brief van 7.6.1900 wat op 17.6.1900 op Standerton afgesluit is. Op dié dag was die Engelse reeds op Volksrust en is gerugte versprei dat hulle die volgende dag op Standerton sou aankom. Verder is verneem dat die Engelse gesagdraers dalk die hele NZASM-personeel in Transvaal na die lande van herkoms sou terugstuur...

Op 4.7.1900 het Rijkens aan boord van die stoomskip *Catalonia* geskryf dat hy 'n krygsgevangene in Durban was om ses dae later verdere besonderhede te vermeld. Hy het 'n tweetal gewere in sy huis gehad en nadat die Engelse hom in die hof gevra het of hy 'n geweer van die Transvaalse regering ontvang, of hy teen Engeland geveg het en of hy neutraal sou bly, het hy – in die eerste twee gevalle ontkennend en in die laaste geval bevestigend – geantwoord. Hy was verraai en moes vir sy oortreding met krygsgevangeneskap boet en het aan boord van die *Mohawk* na Ceylon vertrek...

## Die waarde van die briewe

Die waarde van die briewe van dr. Rijkens is hulle veelsydigheid. Die lewe aan boord van 'n passasierskip soos dit byna 'n eeu gelede was is gesien deur die bril van 'n skerp waarnemer. Die aankoms in Kaapstad en die reis na 'n Transvaal met sy opvlammende en dan weer afnemende oorlogstemming in Transvaal is gesien deur 'n belangstellende vreemdeling wat probeer om 'n toekoms in 'n aanvanklik vreemde samelewing te verwerf en op te bou. Sy reaksie op die oorlog, sy bereidwilligheid om diens aan Boerekant te lewer, gepaardgaande met sy bewondering en kritiek. En die hoogtepunt na die slag van Magersfontein waar die menslike leed hom maande agtervolg. Daarna die betreklike stilte en besinning op Standerton. Die ineenstorting van sy ideale en die begin van sy krygsgevangeskap. Dr. Reintjo Rijkens se herinneringe bied dit alles en veel meer aan die belangstellende leser. Die briewe is 'n uitstekende aanwins by die bestaande oorlogsliteratuur en is van 'n besonder hoë gehalte.

* Kol. (dr.) Jan Ploeger (afgetree)

**Acknowledgement**

In *Militaria*, issue number 16/5 of 1986, eight illustrations done by Andy May were featured in the article "Uniform van die Staatspresidentswag – Herkoms en Tradisie" by Lt Cdr E.M. Meyers. The copyright to these illustrations is held by Mr J.H.G. de Villiers ("Hollywood", PO Box 443, Fort Beaufort 5720) which at the time of publication was not known to the author of the article or the then Editor of *Militaria* and the illustrations were published in good faith. On behalf of *Militaria* the Editor regrets any inconvenience which may have been experienced.